

## Vaktaalrubriek

# Tonnelingenieurswese-terme - 'n voorbeeld van die anatomie van 'n woordeboek

H.G. Denkhaus

Derekssteeg 464, Lynnwood 0081

Die Nasionale Terminologiesiens van die Departement van Nasionale Opvoeding is besig om 'n Engels-Afrikaans-Duitse woordeboek oor tunnelbouterme voor te berei. Aangesien tunnelbou 'n vakgebied is wat 'n hele reeks van ander vakgebiede raak en dus vakterme ontleen maar ook sy eie terme skep, is dit besonder interessant en word derhalwe hier as 'n voorbeeld gebruik om die samestelling - die anatomie - van 'n woordeboek te illustreer.

Tunnelbou is 'n ingenieurswerkzaamheid aangaande die ontwerp en bou van ondergrondse uitgrawings wat nie die doel het om steenkool of erts te myn nie. Die volgende tipes van sodanige ondergrondse uitgrawings kan onderskei word:

- strekgange (langwerpige, meer of minder horisontale uitgrawings met relatief klein dwarsnitte);
- tonnels (langwerpige, meer of minder horisontale uitgrawings met groot dwarsnitte);
- skagte (langwerpige vertikale of sterk geneigde uitgrawings)
- kamers (klein gedronge uitgrawingsvorms),
- kaverne (groot gedronge uitgrawingsvorms, bv. vir ondergrondse kragstasies).

Tunnelbou maak gebruik van verskillende vertakings van die ingenieurswese en die wetenskap, te wete mynbou, siviele ingenieurswese, materiaaltoetsing, geologie met petrografie, petrologie en mineralogie sowel as meganika met rotsmeganika, grondmeganika en sterktemeganika. Baie terme uit hierdie vakgebiede moet daarom in die woordeboek opgeneem word.

Indien wenslik geag en indien moontlik moet kort definisies, tussen ronde hakies, ook agter die term verskyn. Indien die definisie egter te lank vir opname in 'n woordeboek is, moet 'n verbandswoord of die toepaslike ingenieurs- of wetenskapsvertakking genoem word.

Indien 'n term algemeen bekend of selfverklarend is, word geen verbandswoord aangegee nie: by die term

“volfrontskietwerk” bv., verskyn geen verbandswoord nie want dit is duidelik dat dit 'n tipe skietwerk is, terwyl by “vrye breekfront” die verbandswoord “skietwerk” gegee moet word.

Om herhalings van definisies (wat die woordeboek te omslagtig sal maak) te vermy, word by kombinasiewoorde, soos bv. “hoofnaat”, geen definisie gegee nie maar net na die simpleks verwys deur die aantekening <vide “naat”>, waar daar die term “naat” soos deur geoloë gebruik, gedefinieer word.

Indien 'n nie-algemeen bekende term, bv. “stolgesteente”, in die definisie van 'n ander term verskyn, word deur “<vide ibid>” na die definisie van die term, d.w.s. “stolgesteente” in hierdie voorbeeld verwys.

Dit is besonder belangrik om in die tale die sinonieme van 'n term aan te gee; hulle word deur kommas van mekaar geskei. Die Engelse “roof, hanging, hanging wall” (Afrikaans: “dak”) is bv. sinonieme. Soms is dit terwille van duidelikheid ook wenslik om antonieme te gee, bv. “heteroëen, inhomoeëen (antoniem van homoeëen)”.

In die Duitse gedeelte is dit wenslik om die geslag van selfstandige naamwoorde soos volg aan te toon: (m) = manlik, (f) = vroulik, (n) = onsydig.

Vakterme word in die algemeen steeds in die enkelvoud opgeneem. Indien 'n term egter hoofsaaklik in die meervoud gebruik word (bv. “compatibility conditions : verdraaglikheidsvoorwaardes, kontinuïteitsvoorwaardes”), verskyn die verwysing “(pl)”.

Indien dit, duidelikheidshalwe, wenslik geag word, moet (veral in die Engelse gedeelte) die woordtipe deur die byvoegings “(nomen), (verbum) of (adjective)” onderskeidelik aangedui word.

Ter afsluiting moet genoem word dat 'n woordeboek nie 'n teksboek is nie, en by die opstelling die regte middeweg tussen duidelikheid deur definisies en verbandsworde, aan die een kant, en bondigheid aan die ander kant, gevind moet word.

## Nuwe boeke

A.C. Duxbury & A.B. Duxbury. 1991. *An Introduction To The World's Oceans*. Derde uitgawe. Wm. C. Brown Publishers, 446 pp., US\$27,95.

Die ingewikkelde verband tussen woord en begrip fassinier nie alleen opvoedkundiges en sielkundiges nie, maar ook vertalers, wysgere en pedagoë.

Hoe dra 'n mens die skrifbegrip *Lam van God* aan die Inui-eskimo's oor vir wie 'n skaap, sy wesensaard en sy simboliese betekenis, onbekend is? Omgekeerd, die Inuitaal het blykbaar 60 verskillende woorde vir sneeu. Sal 'n Afrikaansspreker ooit die rykdom aan nuanseverskille en emosionele inhoud van 'n beskrywing van sneeu in daardie taal kan ervaar, al word die terminologie in besonderhede aan hom verduidelik? En wat sou in die menslike ontwikkeling eerste kom, die onverwoorde begrip, of die woord self wat dan 'n betekenisambree vorm, groot of klein, om halfbewuste begrippe te omvat?

In die derde uitgawe van hulle uitstekende inleiding tot die oseanologie, wat onlangs verskyn het, worstel ook die egpaar Duxbury met hierdie probleem. Hulle is daarvan oortuig dat *students must learn to speak the language (of oceanography) if they are to comprehend the explanation, interpret the result, and apply what is learned*. Daar is daarom in hierdie boek groot nadruk op die opbou van 'n woordeskat. Maar, so besef die skrywers darem ook, woordelyste op sigself maak geen student juis opgewonde oor die vak nie en 'n fyn balans moet gehandhaaf word sodat die student se belangstelling nie in die proses verlore raak nie. In hierdie handboek word sleutelwoorde in die teks as sulks aangedui as hulle die eerste keer gebruik word; aan die einde van elke hoofstuk is daar 'n lys sleutelwoorde uit daardie hoofstuk en as 'n addendum tot die boek is daar 'n omvattende en deeglike termglossarium.

Die erns waarmee die skrywers hulle woordopvoeding benader, word ook weerspieël in die kwaliteit en omvangrykheid van die res van die teks en illustrasies. Die boek is dwarsdeur in volle kleur en op die bes moontlike papier gedruk. Die skrywers het groot moeite gedoen om die beste foto's oor elke onderwerp by kollegas wêreldwyd te soek en die resultaat is 'n hoogs aantreklike, leesbare en uitstekend geïllustreerde handboek.

Die boek is gemik op 'n semesterkursus oor die osean as inleiding vir eerstejaarstudente wat weinig agtergrond in wiskunde of fisika het. Dit is dus grootliks beskrywend van aard, maar dek 'n wye veld, insluitende die geskiedenis, die geologie, die fisika, die chemie en die biologie van die osean. Die teks is dus oppervlakkig, maar baie stimulerend. Onlangse ontdekkings of wetens-

waardighede word as minitekste, onder aparte hofies, in die teks opgeneem op byna joernalistieke wyse.

Vir wie sou hierdie boek geskik wees? Ek glo dat enige student in geografie, oseanologie, mariene biologie of weerkunde direk daarby sou baat om die materiaal wat hierdie boek bevat in 'n inleidende kursus aangebied te kry. Hierdie teks sou ook by uitnemendheid geskik wees vir 'n algemeen vormende kursus vir enige student wat as verantwoordelike en ingeligte burger tog iets wil weet oor die natuurlike omgewing waarin hy lewe en hoe dit hom raak.

Hierdie leerboek is werklik ingestel op *leer*. Saam met die boek self kom daar 'n aparte gebruikershandleiding vir die dosent. Daar is ook 'n gerekenariseerde toetspakket vir persoonlike rekenaars wat saam met die handboek gebruik kan word. Dan is daar ook nog 'n stel oorhoofse transparante vir gebruik deur die dosent en die aanbeveling om bestaande opvoedkundige videoprogramme as deel van die kursus aan te wend. Aan die einde van elke hoofstuk is daar ook goeddeurdagte studievrae, studieprobleme en voorgestelde ekstra leesstof.

Sou die dosent dus hierdie opvoedingspakket in sy volle omvang aanwend, sou die student beslis 'n manjifieke, stimulerende en hoogs moderne kursus aangebied kry. Miskien selfs wel 'n bietjie oorweldigend! Die feit dat moderne teksboeke soos hierdie een toenemend bykomende materiaal op videoband, slapskyf of transparante voorsien, is 'n duidelike vingerwysing vir diegene wat nog glo dat die TV-geslag studente se behoeftes voldoende aangespreek kan word met 'n stukkie kryt en 'n swartbord.

Nieteenstaande die hoogs moderne vorm van hierdie kursushandboek was ek 'n bietjie teleurgesteld met die indeling van die materiaal. Oor die afgelope paar dekades het talryke skrywers van soortgelyke handboeke blykbaar gedrewe gevoel om te begin by die begin; naamlik met 'n oorsig oor die geskiedenis van die vakgebied. Vir die student wat nog nie eers goed weet waaroor dit alles gaan nie, is so 'n kursusbegin 'n ware doodoener. Die handboek van die Duxbury's volg ongelukkig dieselfde patroon, ook in die res van die hoofstukke wat weinig afwyk van die gevestigde formaat. Verweef in die teks, op toepaslike plekke, sou die geskiedenis van die ontdekkings oor die osean die leser dalk veel meer geprikkel het.

Hierdie klagte doen egter weinig afbreuk aan die algemene kwaliteit van die boek. Dit kan onomwonde aanbeveel word; beslis ook vir die intelligente leek wat meer oor ons oseaanomgewing te wete wil kom.

**J.R.E. LUTJEHARMS**